

Die Aankondiger

5 Julie 2020



Prediker: Ds. Gideon Du Toit

Jy is toe al die tyd jouself

deur Stephan Joubert

'n Paar koerante in die 1920's het die storie vertel dat Charlie Chaplin een keer in-geskryf het vir 'n kompetisie iewers in die VSA vir mense wat die meeste na Charlie Chaplin lyk. Een koerant het berig dat hy uiteindelik 'n 20ste plek losgeslaan het, maar 'n ander een het vertel dat hy 27ste gekom het. Hoe dit ook al sy, Charlie Chaplin lyk toe nie soos homself nie. Sulke dinge gebeur egter nie net in kompetisies nie. Ook in die regte lewe probeer party mense soms om soos ander mense te lyk of te wees. Hulle dink daardie mense lei blink, suksesvolle lewens; daarom probeer hulle kliphard om dit na te boots.

Feit is, ons almal het net ons eie lewe om te leef. Ons kan nooit iemand anders wees nie, al probeer ons kliphard om dit te doen. Deur die Here se genade is ons presies wie ons is. Deur sy genade het ons as onself hier in die wêreld opgedaag. Ons hoef regtig nie soos ander mense te probeer leef nie. Ons is goed genoeg vir die Here. Hy het ons lief vir wie ons is. En ook soos wat ons is. Ons is sy lewende geskenk aan ons huweliksmat, ons familie en ons vriende. Ons is hier om die beste onself te wees. Dan is ons op die regte standaard. Dan doen ons goed genoeg. Dan gebruik ons daardie gawes wat die Here volgens 1 Korintiërs 12 op unieke maniere in ons lewe ingemessel het reg en effektief. Dan verheerlik ons Hom en dan dien ons ander mense reg.

DOOP

Baie geluk aan **Ansu en Quintin Lötter** met die **doop** van **Aidin** op **5 Julie 2020**.

Geluk ook aan die grootouers **Ernie en Ilse Blignaut**

Lief en Leed

- **Erika Kambouris** het 'n kanker in haar gesig wat op 4 September uitgesny gaan word. Ons bid vir haar en hoop dat alles goed sal verloop.
- **Joan van Tonder** het gesterf. Ons bid vir die familie.
- **Adél Klerck** ondergaan steeds behandeling. Ons dink in ons gebede aan haar en vra dat die Here Sy hand oor haar sal hou.
- **Henré Strydom** se vader is positief getoets vir Covid 19. Ons bid dat hy gou beter sal word.
- **Chris Pienaar** het 'n groot breukoperasie gehad op Donderdag en is Vrydag ontslaan. Dit gaan beter met hom en ons is dankbaar saam met sy gesin dat hy terug by die huis is.
- Die dagmoeder wat **Neels en Shannon** se seuntjie oppas is in die week met 'n huisroof oorval. Gelukkig het niemand seergekry nie. Loof die Here vir Sy bewaring.
- Ons groet vir **Suzette en Danie vd Berg** wat Potchefstroom toe verhuis het om hul kinders by te staan.
- **COVID 19**
- Baie dankie vir die bydraes wat ons in staat stel om mense te ondersteun. Die uitdagings word al hoe groter soos wat die grendeltyd uitgerek word. Dink asb aan mense wat nie in hierdie tyd 'n inkomste kan verdien nie.

- * Baie geluk aan **Ansu en Quintin Lötter** met die **doop** van **Aidin**. Geluk ook aan die grootouers **Ernie en Ilse Blignaut**.
- * **Kylie Merrick** en **Johan** tree in die huwelik in dié tyd. Kom ons bid saam met Gavin en Ilse dat al die reëlins vlot sal verloop.
- * Baie geluk aan **Essie Zeelie** wat haar Phd by die Bybelse Argeologie departement van Unisa, verwerf het.
- * Ons koster Alex, se kleindogter, **Danielle van Wyk** het Vrydag 21 geword. Baie geluk aan haar.

VERJAARSDAE : 5 - 11 Julie



Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Green	Ria	07/05	012 6440662	0835952539
Van Eck	Andries	07/05	012 6647732	0823222898
Ferreira	Louis	07/06		0845111887
Krynauw	Callie	07/06	012 664 3870	0833927664
Marais	Dewald	07/10		0829232564
Smith	Koos	07/10		0790959828
Viviers	Elize	07/10		
Kriek	Kita	07/11		0812441751
Marais	Mariana	07/11	012 664 6960	0833042136

Die Hemelse Landbouer

Voor die skepping was die aarde “*heeltemaal onbewoonbaar*”, totdat God met sy wonderbaarlike skepping begin het. Op die derde dag het Hy gesê “*Laat daar uit die aarde groenigheid voortkom, groen plante wat saad gee, en vrugtebome wat vrugte dra; en God het gesien dit is goed.*” (Gen 1:1,11,12).

Ons Vader het ‘n hart vir die landbou en daarom praat Hy as *Hemelse Landbouer* dikwels met ons as sy kinders oor grond, plante, vee, wild, reën en positiewe landboupraktyke. Hy het die mens aangestel om die aarde te “*bewoon en bewerk en . . . te heers*” oor sy skepping (Gen 1:26).

Wanneer Hy aan ons dink, dink Hy ook dikwels in terme van die landbou, – Ps 1:1,3 die mens wat in die Here sy vreugde vind, is soos “*‘n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verlep nie*”.

In Joh 15:2,8 verduidelik Hy waarom dit nodig is om ‘n wingerd (en ander vrugtebome) te snoei, naamlik “*sodat hulle nog meer vrugte kan dra, en baie vrugte kan dra*” (Joh 15:2,8) Hy sê ook dat dit nodig is dat ‘n koringkorrel in die grond val om te “*sterf*” want dan “*bring hy ‘n groot oes in*” (Joh 12:24).

Ons gaan ook dikwels deur ‘n snoei- en sterfproses om ons te stroop van dit wat onnodig en nutteloos is; ook deur ‘n sterfproses aan onself en ons eie belange. Die doel is altyd sodat ons *meer vrug* kan dra, en ‘n *groot oes* kan lewer.

Hoe ons die snoei- en sterfprosesse hanteer is baie belangrik. As ons opstandig is teen die *Hemelse Landbouer* en dit wat Hy in ons wil doen, weerstaan, kan die vrug nie volg nie, en verloor ons ons vrede. As ons Hom egter vertrou in die wete dat Hy weet wat Hy doen, en Hom in gehoorsaamheid volg, “*is ons soos ‘n boom wat by water geplant is, wat sy wortels na die stroom toe uitstoot en nie ophou om vrugte te dra nie*” (Jer 17:7,8), al gaan dit rof. Dit kan ons doen deur Hom gereeld op te soek en in die Woord van die Here ons vreugde vind (Ps 1;2).

KENNISGEWINGS & OMGEEBLAD

Die Grendelstaat bied baie uitdagings aan elke persoon en familie hetsy hulle werkloos is of probleme met siekte of emosionele welstand het. Hierdie blad is daar sodat u kan vra vir hulp en hulp aanbied. As u kan hulp aanbied van watter aard ookal, laat weet asb die **OMGEEKERK** by kerkkantoor@omgeekerk.co.za en/of praat met ds Gideon du Toit 0795265978. As u weet van iemand wat hulp benodig laat weet **ASSEBLIEF** sodat ons daar kan wees vir mekaar!!!!

Ons is daar om mekaar te help en om om te gee.

Uitreike inisiatief

Om weer iets van die kerk en gemeente te beleef, beplan die Uitreike Kommissie van NG Kerk Lyttelton-Noord, om, met die hulp van Fred en Anita Scheepers, op **Sondag 19 Julie** **wegneemetes** te verkoop.

Dit sal 'n Vleisdis + rys + nagereg" wees. Prys **R50 per persoon**.

Ter wille van beplanning: skakel asb vir Susann (0828024883) voor of op **15 Julie** en dui aan hoeveel etes u benodig.

U kan dit tussen **10-12:00 op 19 Julie** by die kerkkombuis kom afhaal. As u nie vervoer het nie, kan ons dit moontlik aflewer - reel asb met Susann.

CMR Lyttelton en die ander CMR oostelike-kantore beplan om die jaar 'n spesiale pakkie aan al ons pleeghuise aan wie CMR Gauteng-Oos diens lewer, te gee.
Ons benodig dit voor/op 10 Julie 2020

Indien jy betrokke wil raak, ons benodig die volgende items: **67**

- 1) **Boontjie sakkies wat in die microgolf oond warm gemaak kan word,**
- 2) **Handskoene en/of serpe en**
- 3) **Pakkie koekies of lekkers**

Enige bydraes sal help.

Kontak gerus ons kantoor vir navrae:
012 664 5837 of 083 291 6145

Liewe vriende.

Ek het vandag eers hierdie boodskap gekry en weet dit is baie kort kennisgewing. Maar.... kan ons nie maar weer n keer saamwerk en probeer om die CMR met hulle versoek te help nie? Miskien is dit vir breiwerk regtig te kort tyd. Maar as elkeen van ons net 1 warmwatersakkie maak, kan n bietjie meer kinders gehelp word. Die sakke moet van katoen gemaak word en droé bone of lensies kan gebruik word. Kontak my asb indien julle daarmee kan help. My tel nr 073 179 3295/083 442 1250. Of stuur maar WA. by voorbaat baie dankie. Alle produkte sal by julle afgehaal word. Jansie Killian